# Primere Skool Jordania
# Jaarverslag 2024






*PERSONEEL: 18 OKTOBER 2024*

# PRIMÊRE SKOOL JORDANIA
# JAARVERSLAG 2024

**INHOUDSOPGAWE**


| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | | 2 |
| 2. | AKADEMIE | | 2 |
| | 2.1 | Graad R | 2 |
| | 2.2 | Grondslagfase | 4 |
| | 2.3 | Intermediêre- en Seniorfase | 4 |
| 3. | ONDERSTEUNINGSENTRUM | | 6 |
| 4. | SPORT | | 7 |
| | 4.1 | Atletiek | 7 |
| | 4.2 | Bergfietsry | 8 |
| | 4.3 | Hokkie | 9 |
| | 4.4 | Krieket | 9 |
| | 4.5 | Landloop | 10 |
| | 4.6 | Netbal | 11 |
| | 4.7 | Rugby | 12 |
| | 4.8 | Skaak | 13 |
| | 4.9 | Tennis | 13 |
| 5. | KULTUUR | | 14 |
| | 5.1 | Bybelvasvra | 14 |
| | 5.2 | Eisteddfod | 15 |
| | 5.3 | Koor | 15 |
| | 5.4 | Musiekblyspel - Jorrieville | 16 |
| | 5.5 | Pom-poms | 16 |
| | 5.6 | Redenaars | 17 |
| | 5.7 | Voortrekkers | 18 |
| 6. | TOEKENNINGS | | 18 |
| 7. | SKOOLGETALLE | | 19 |
| 8. | SKOOLLEIERS | | 20 |
| 9. | KOSHUIS | | 20 |
| 10. | SOSIAAL | | 21 |
| 11. | DISSIPLINE EN WAARDEGEDREWE ONDERWYS | | 21 |
| 12. | OUERBETROKKENHEID | | 22 |
| 13. | PERSONEEL | | 22 |
| 14. | TERREIN, GEBOUE, VOERTUIE EN VEILIGHEID | | 23 |
| 15. | FINANSIES | | 24 |
| 16. | BEHEERLIGGAAM | | 24 |
| 17. | SAMEVATTING | | 25 |

## 1. INLEIDING

Ons kyk terug met groot dankbaarheid teenoor al die partye betrokke wat gehelp het om Primêre Skool Jordania ‘n skool van trots en uitnemendheid te maak. Ons is baie dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir die genade en energie wat Hy ons gee om daagliks met die kroon van die skepping te kan werk en die baie seëninge wat ons uit Sy hand ontvang.

## 2. AKADEMIE

Ons belangrikste taak is die akademiese ontwikkeling van elke leerder. Ons skool volg die CAPS kurrikulum vir Graad R-7 soos deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word.

Ons leerders het akademies weer puik gevaar, waarvan ons hoë graadgemiddeldes getuig. Ons slaag- en deurvoersyfer is steeds die beste van enige laerskool in die distrik en vergelyk met die bestes in die provinsie. Ons eie moderering- en ondersteuningstrukture is in plek en daardeur sorg ons dat ons ons ‘n hoë akademiese standaard kan handhaaf.

Die onderwysers het werkswinkels, asook ander opleidingsgeleenthede van die onderwysdepartement en ander organisasies soos die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), FEDSAS en die Skoleondersteuningsentrum (SOS) bygewoon.

Ons ondersteuningstelsel is verder uitgebrei deurdat leerders in die verskillende grade addisionele hulp gedurende klastyd asook na skool ontvang het. Ons werk ook, soos in die verlede, saam met verskeie terapeute om die nodige ondersteuning aan ons leerders te verskaf.

Opvoedkundige in- en uitstappies het ook plaasgevind om leerders se leerervaring te verdiep. Ons het deelgeneem aan akademiese kompetisies waarin ons leerders baie goed gevaar het. Ons het ook hierdie jaar weer ons #*Lieflees* projek aangebied met die doel om ‘n liefde vir lees te kweek en lees by ons kinders te bevorder.

### 2.1 Graad R

Ons graad R kleuters het ‘n jaar propvol heerlike aktiwiteite beleef.

Die jaarlikse Gr. R Atletiekdag het plaasgevind op die 23ste Januarie. Die kleuters het dit baie geniet en elkeen het ‘n medalje ontvang.

Jordania het ‘n op die 16de Februarie ‘n suksesvolle Atletiekdag aangebied waar verskeie omliggende skole kon kompeteer teen mekaar.

Ons graad R en 1 Opedag is op 4 Mei gehou. Ons Graad R juffrouens het aktiwiteite in die klasse aangebied en die kinders en hul ouers het dit baie geniet.

Die Graad R Netbal en Rugbydag op 24 Mei was ‘n reuse sukses met baie ander Graad R skole wat ook kom deelneem het.

Die Graad R leerders was op 16 Augustus op ‘n uitstappie na die plaas Ametis. Leerders het geleer van melkkoeie en hoe die hele proses werk. Die tema het aangesluit by ons Suiwelplaas en suiwelprodukte tema.

Ouma- en Oupadag op 8 Augustus was ‘n baie spesiale dag. Met die tema Boeresjiek was die dag ‘n fees vir beide jonk en oud.

Ons sien uit die Gradeplegtigheid en Konsert wat op die 28ste Oktober gaan plaasvind, asook na ons Graad R en 1 kuierdag wat op 8 November gaan plaasvind.

Ons sluit die jaar af met ons Graad R Jorrie snooze op 15 November.

### 2.2 Grondslagfase

Ons Grondslagfase het weer baie goed presteer die afgelope jaar. Ons het almal weer ons 100% gegee.

Uitstappies en instappies het plaasgevind en elke leerling kon deel wees daarvan.

Gr 1 tot Gr 3 leerders het deelgeneem aan die Wow spelfees waar een of meer uit elke graad deurgedring het tot by Vrystaat as verteenwoordigers.

Mental Maths het Marcus Fourie in graad 3, derde plek in die Vrystaat behaal. Gr 3 leerlinge het ook aan die Spelling Bee kompetisie deelgeneem.

Grondslagfase bied ook hul eie konsert aan by hul toekenningsaande wat vir die leerlinge `n groot hoogtepunt is.

Gr R en Gr 1 se kuierdag vir 2025 waar leerlinge ook hul nuwe Juffrouens en maats gaan ontmoet, vind op 8 November plaas.

### 2.3 Intermediêre- en Seniorfase

Leerders het oor die algemeen baie goed gevaar en leerders wat nie die vereistes vir hul grade behaal het nie was baie min. Dit getuig van harde werk en moeite deur ons personeel. Talle leerders in Graad 4-7 het weer vir diamant-, goud- en silwertoekennings gekwalifiseer.

Ons handhaaf ‘n hoë akademiese peil. Leerkragte ontvang goeie terugvoer en verslae vanaf vakadviseurs. Ons het ‘n hoë slaagsyfer en deur middel van vroeë ingryping slaag ons daarin om druipelinge te beperk. Lesse word verryk deur E-leer wat leerders se leerervaring verdiep. Ons verryk ons leerders se leerervaring ook buite die klaskamer

deur opvoedkundige in- en uitstappies. Ons beloon ons akademiese presteerders deurdat hulle 'n akademiese toer kan meemaak.

Ons het vanjaar baie gedoen om lees te bevorder. Ons jaarlikse Boekeweek was 'n groot sukses en het leerders aangemoedig om meer boeke te lees. Ons jaarlikse Boekuitstalling deur *Diskonto* boeke het deur die goeie verkope weereens bewys dat ons 'n sterk leeskultuur in ons skool het. Ons biblioteek se boekuitlenings wys ook dat die meeste graad 4 tot 7 leerders aktief lees. Ons het weekliks 'n *"Drop All and Read"* periode waartydens almal in die skool lees.

Ons leerders het ook baie goed gevaar in die Departementele vasvrakompetisies. Ons het deelgeneem aan die EBW, SW en Natuurwetenskappe *Quizzes, waar al* 3 spanne deurgedring het na die provinsiale rondte

## 3. ONDERSTEUNINGSENTRUM

Die Ondersteuningsentrum bied 'n verskeidenheid van ondersteuningsdienste aan die leerders van Jordania.

Die Ondersteuningsentrum bestaan uit 'n verskeidenheid van spesialiste waaronder, senior onderwysers, spraakterapeute, sielkundiges, remediërende opvoedkundiges, arbeidsterapeute, oogartse, Suid Afrikaanse polisiediens, Kinderbeskermingsdienste, predikante, pastore en plaaslike dokters.

**Akademie -** Gedurende 2024 is meer as 479 kinders na die Ondersteuningsentrum verwys vir hulp.

Tans word daar gedurende skoolure aan meer as 40 Gr. 1 tot 3 leerders intensiewe hulp deur Madelein Harris en Annelie Botha verskaf.

Graad 4 tot 7 leerders met akademiese uitdagings word met 'n verwysingsproses na die sentrum verwys en hierdie jaar is leerders suksesvol ondersteun in die gebied waar 'n probleem geidentifiseer is.
Vir elke druipeling word 'n plan van aksie opgestel en in samewerking met die ouer en die onderwysers uitgevoer.
Konsessies, akkomodasies, vraestelopleiding, studiemetodes en skrifoefeninge word ook by die Ondersteuningsentrum aangebied.

Daar is ook noue samewerking met die Departement van Inklusiewe Onderwys om te verseker dat elke leerder die beste moontlike geleenthede kry om suksesvol te kan wees.

**Emosioneel -** Verskeie vorme van emosionele hulp word aan leerders gebied by die skool. Verwysings kan na professionele mense gemaak word indien nodig.

**Klerebank en skryfbehoeftes -** Die klerebank verskaf goeie tweedehandse klere aan leerders asook skryfbehoeftes en tasse. Die klerebank is 100% afhanklik van skenkings.

**Die broodjie- en vrugteprojek -** Die projek is uiters suksesvol en saam met die vrugteprojek word daar aan minder-bevoorregte leerders op 'n daaglikse basis iets te ete voorsien.

**Gesondheid -** 'n Suksesvolle Graad 5 -dogters veldtog teen die menslike papilloma-virus in samewerking met die Departement van Gesondheid is geloods. Beide seuns en dogters het ook die tetanus inspuiting ontvang.

**Ondersteuning aan die gemeenskap -** Jordania werk ook nou saam met Changenet SA deur die insameling van goeie tweedehandse goedere. Hierdie is 'n verdienstelike herwinningsprojek van klere, skoene en speelgoed. Die gemeenskap word direk daardeur opgehef.

Helpende Hand skenk elke Januarie skooltassies aan nuwe Gr. 1 leerders wat 'n behoefte het daaraan.

## 4. SPORT

Ons sportspanne het deur die jaar weer baie goed gevaar. Ons probeer aan kinders se fisiese, geestelike en sosiale ontwikkeling aandag gee met die aanbied van sportaktiwiteite ten opsigte van aspekte soos spanwerk, deursettingsvermoë en karakterbou. Om hierdie rede probeer ons, waar moontlik, massadeelname aanmoedig sodat soveel moontlik leerders die geleentheid kry om deel te neem en te ontwikkel.

Daar was ook prestasies in buite sportsoorte soos dans, perdry, karate, ens. Baie dankie vir ouers en afrigters wat ook in hierdie verband harde werk verrig.

Baie dankie aan elke organiseerder, afrigter, ouer en speler wat baie moeite en tyd by sportsoorte ingesit het. Die onderskeie sportsoorte se verslae kan hier onder gesien word.

### 4.1 Atletiek

Ons het reeds in 2023 se 4de kwartaal met atletiekoefeninge begin.Ons is trots op elke atleet wat hierdie jaar deelgeneem het en spog met die hoogste getal deelnemers by meeste van die kwalifiserende kampioenskappe van die Thabo Mofutsanyana streek asook die Vrystaat kampioenskappe.

Ons lewer hierdie jaar met die hulp van buite afrigters, asook ons eie puik afrigters, 33 atlete op wat aan die Vrystaat Atletiekkampioenskappe te Bloemfontein deelgeneem het.

12 Atlete wat kwalifiseer om aan die SA Kampioenskappe deel te neem. 3 dogters behaal uitsonderlike prestasies:

- Lize Joubert — Hoogspring — Dogters 13 jaar — 3de plek
- Melanie Hill — Hoogspring — Dogters10 jaar — 3de plek
- Demaine van Deventer — 1200m — Dogters 12 jaar — 4de plek

Ons is baie trots op elke afrigter en atleet! Atlete het reeds begin voorberei vir die 2025 seisoen en ons sien weer uit na mooi prestasies.

## 4.2 Bergfietsry

Bergfiets is ‘n opwindende sport waar leerders die wiele laat rol oor klippe, berge, sand en heuwels! Die leerders oefen twee keer per week en neem ook aan verskeie wedrenne deur die jaar deel.

### XCO skole liga reeks

Daar was 4 liga wedrenne wat in verskillende dorpe oor die Vrystaat plaasgevind het. Die bane was baie uitdagend, maar die leerders het baie goed gevaar.

Ons het 5 leerders wat deurlopend in al vier wedrenne podiumplekke behaal het en aan die einde van die liga in die top 5 geeindig het.

- Renier Grobler behaal ‘n 4de plek in die sub-nipper seuns afdeling
- Ricco Fourie behaal ‘n 2de plek in die nipper seuns afdeling
- Wian Botes ‘n 1ste plek in die Sprog seuns afdeling.
- Lanè Fouchè ‘n 1ste plek in die Sprog dogters afdeling
- Raylene Down ‘n 4de plek in die Nipper dogter afdeling

Jordania eindig 3de in die XCO reeks en word uitgenooi na die heel eerste Interprovinsiale finale van die skole XCO reeks te Harrismith.

### Interprovinsiale Finale XCO

- Die seuns span het bestaan uit Ricco Fourie, Christopher Shutze, Wian Botes, Nel Shutze, Christiaan Grobler en Janco Fourie.
- Die meisie span het bestaan uit Lanè Fouchè, Mia Coetzer en Ashke Labuschagne.
- Ricco, Wian en Lanè is gekies vir die Vrystaat span.
- Tydens die Finale het Jordania uitstekend gevaar en ons seuns span het uit 91 skole 5de geeindig.
- Ons meisies en seuns spanne se gesamentlike punte het ons in die afdeling ook ‘n 5de plek verseker.
- Lanè en Wian behaal ook altwee ‘n 4de plek tydens die wedren.
- Ons Jordania span is ook uitgenooi na ‘n spog prysuitdelings geleentheid wat aangebied word deur Free State School Cycling en Free State Cycling Federation in Bloemfontein waar ons leerders pryse gaan ontvang.

Die sport is op die oomblik baie gewild in Suid-Afrika en ons Jorrie fietsryers is van die beste in die Vrystaat. Ons sien uit na die 2025 seisoen.

### 4.3 Hokkie

Die 2024 Hokkie seisoen was ‘n kort seisoen van mini-hokkie toernooie en en liga-wedstryde.

Ons is trots daarop dat ons 4 van 6 dogterligas asook 4 van 4 seunsligas as Ligawenners uit die stryd getree het.

Ons 1ste dogters span onder leiding van me.René van Staden en me. Erika Knobel het ‘n fantastiese seisoen van hokkie beleef. Hul wen nie net die Nika Coertzen hokkiefees nie maar ook die Super 8 Hokkie, Oos-Vrystaat en Noord-Vrystaat liga.

Hulle harde werk en deursettingsvermoë word weereens beloon deur teen baie sterk kompetisie en moeilike omstandighede met ‘n silwer medalje by die Champs of Champs toernooi te Potchefstroom weg te stap.

Die 1ste seuns ervaar ook ‘n besonderse seisoen van hokkie. Hul tree uit as die Wenners van die Oos-Vrystaat en Noord-Vrystaatliga en behaal algehele 8ste plek tydens die Champ of Champs toernooi.

Ons lewer in die 2024 hokkie-seisoen 6 Thabo Mofutsanyana spelers op wat aan die SASHOC Regional Toernooie deelgeneem het tydens die Junie/Julie vakansie asook 3 spelers wat in Noord-Vrystaat A span wat aan SASHOC IPT te Bloemfontein deelgeneem het. Ons is baie trots op hierdie spelers.

Die Mini-hokkie het 3 toernooie gehad waaraan hulle neem deelgeneem het. Ons spelers was ook blootgestel aan die Astro oppervlakte tydens die toernooie.

### 4.4 Krieket

Ons krieketseisoen is tans nog besig. Ons speel in die TBM – liga en ons spog met drie spanne in elke ouderdomsgroep.
Ons het besluit om o/13A uit die TBM – liga te haal en afsonderlike wedstryde vir hul te reël. Die rede vir die besluit is dat ons ons standaard van krieket wil lig en daarom moet ons teen beter kompetisie meeding.

Ons o/11A gee ons ook meer blootstelling deur saam met die o/13A’s teen ander skole buite ons streek te speel en ook in die TBM – liga.

Die 13A span speel in die 3de en 4de kwartaal op ‘n naweekbasis teen skole soos Mooirivier, Baily Park, Trio, Goudkop, Leeuwenhof, Vaalpark, Truida Kestell, St Andrew’s, Tjokkies, Fichardpark en Willem Postma. Ons B en C spanne speel ook teen kleiner skole se A-spanne en vaar baie goed.

Ons o/9A en B, o/11A en ons o/13B spanne speel in verskeie toernooie en vaar oor die algemeen baie goed.
**Grey Bash:** o/11A en o/13A neem deel
**Super 8:** o/11A – eindig 3de en o/13A – eindig 5de
**Jordania o/9 Toernooi:** o/9A en B
**Graanveldtoernooi:** o/13B – eindig 4de

Ander toernooie waaraan ons deelneem is aan die St Andrew’s toernooi te Bloemfontein (o/11A-span).

**Hoogtepunte:**
Ons spog met 20 provinsiale krieketspelers die jaar.

***Vrystaat o/13B:***
Freek van den Berg
Kamo Mokhele

***TBM Dogtersspan – o/13:***
Ciana Saaiman
Zeoy Grové
Caitlin Kirstein
Maricelle Nortjé
Iloné du Plooy
Femke Daacke

***TBM – o/13A:***
Janco Jooste
Freek van den Berg
Juann du Toit
Kamo Mokhele
AJ Beukes
***TBM – o/13B:***
Heino Bruwer
Johanno Strydom
Vincent Stadhouer

***TBM – 11A:***
Walt Ackerman
Wian Steyn

***TBM – 11B:***
Bouwer Strydom
Fourie Mattheus
Lehan Helmand
Triston Taylor Nel

Ons krieketspanne vaar oor die algemeen baie goed.

### 4.5 Landloop

Landloop presteer puik die jaar. Gespesialiseerde oefensessies by Ebarnie Cilliers is steeds beskikbaar. Die beginners of enige leerder wat net fiks wil word, is by skool.

**Super 8 byeenkoms-** Jordania eindig algeheel 2de in Kroonstad.

**Oos Vrystaatspan-** vergroot vanaf 15 (2021), 27(2022), 28(2023) en 42 (2024).

**Vrystaatspan:** 14 atlete

SA's: Top prestasies

| | |
|---|---|
| Dogters 0/12 | Demaine van Deventer 2e |
| | Karmi Verster 19e |
| Dogters o/10 | Amira Potgieter 20e |
| Dogters o/9 | Inge-Mari Hamman 10e |
| | Lishe Verster 13e |
| | Neri Verster 15e |
| Seuns o/13 | Dehan Cilliers 8e |
| | Ruhan Cilliers 37e |
| Seuns o/9 | Christopher Schutze 25e |

### 4.6 Netbal

In 2024 spog ons met die meeste netbalspelers wat in die afgelope 10 jaar netbal gespeel het. Ons het by elke span vanaf o/7- o/13 ten minste 5 volledige spanne gehad wat aan die sport deelgeneem het. Daar is geleenthede geskep vir alle spelers om wedstryde vir die skool te speel.

Ons begin die seisoen op 'n hoë noot tydens die Super 8 Netbal te Kroonstad, waar elke span 7 wedstryde gespeel het.

Ons speel vir die 2de keer in die Wesgrow-reeks, waar 3 van ons spanne as wenners uittree.Ons eindig ook as algehele netbal-wenners vir die reeks.

Na afloop van die Thabo Mofutsanyana liga speel 12 uit 12 spanne in die finale en wen 9 uit 12 spanne hul onderskeie ligas. Die o/12A en o/13A spanne dring deur na die Vrystaat Kampioenskappe.

Tydens die Thabo Mofutsanyana netbalproewe word 12 spelers – 6 o/12's en 6 o/13's gekies vir die TBM span om aan die Vrystaat proewe deel te neem. Hier word 4 van ons spelers Mia Pieterse (o/12), Kayla Liebenberg, Suné Spershott en Isabel van Deventer (o/13), gekies om die Vrystaatspan te verteenwoordig tydens die SA All Ages toernooi.

Ons is baie trots op elke afrigter en speler wat hierdie seisoen hard gewerk het en sukses behaal het.

**4.7 Rugby**

Ons het die jaar 'n baie goeie seisoen beleef.

Ons A-C spanne speel in die Wesgrow-liga. Die liga bestaan uit die volgende skole: Jordania, Truida Kestell, PBS, Willem Postma, Universitas (Tjokkies) en Fichardtpark. o/13A stap weg as ligawenners. Ons verwerf 'n alhehele 2de plek as rugbyskool. Ons is die algehele wenners van die Wesgrow reeks (rugby en netbal gekombineerd)

Ons o/11A en 13A neem deel in ons eie rugbytoernooi en die o/11 – span wen hul afdeling Die o/11A en o/9A – span behaal altwee 'n 3de plek.

Beide die spanne speel ook in die Super 8 toernooi en kwyt hulle goed van hul taak.

Ons o/9A span toer ook na Welkom Volkskool in die Maart vakansie en wen al drie hul wedstryde. Ons speel in verskeie ander toernooie soos: Wilgerivier se sportdag, Bethlehem interskole, Super 8 en Graanveld 7's toernooi.

Wedstryde gespeel:
o/13A – 16
o/11A – 14
o/9 A – 13

Ons B-spanne speel in die Wesgrow reeks. Die seuns het baie goed gevaar en het baie blootstelling gekry teen verskeie skole. Ons o/13 B – span endig 2de in die Wesgrow liga, waar die o/11B – span 5de eindig. Ons o/9B – span eindig 4de. Ons o/9B-span toer saam met die A-span na Welkom Volkskool en wen ook al 3 hul wedstryde. Ons o/11B-span neem ook deel in die Super 8 toernooi. Al drie spanne neem ook deel in Wilgerivier se sportdag en Bethlehem interskole.
Wedstryde gespeel:
o/13B – 11
o/11B – 10
o/9B - 11

Ons C-spanne speel in die Wesgrow reeks en ook in die Riemland-liga. Die Riemland-liga bestaan uit die volgende spanne: Jordania C, Truida Kestell C, JA Malherbe A, NHC Bethlehem A en NHC Harrismith A. Ons C-spanne vaar beter in die liga nadat ons teen

sekere sterker spanne nie gespeel het nie. Ons o/9C-span eindig 2de in die Wesgrow liga, ons o/11C -span eindig ook 2de en die o/13C-span wen hul liga en behaal ‘n 1ste plek.
Wedstryde gespeel:
o/13C – 10
o/11C – 9
o/9C - 9

Ons bulletjie-rugby speel in 4 plaaslike toernooie en ons lewer 4 spanne op die jaar. Ons Graad R’s speel ook in plaaslike toernooie en ons lewer ook 4 spanne.

Die volgende seuns word opgeneem in die onderskeie Griffonsspanne:
**o/12:**

| | |
|---|---|
| AJ Beukes | – o/12A |
| Kamo Mokhele | – o/12A |
| Leo Busch | – o/12B |
| Willie Uys | - o/12 (7s) |

**o/13:**

| | |
|---|---|
| Vincent Stadhouer | – o/13A |
| Juann du Toit | – o/13A |
| Daniël de Beer | – o/13A |
| Janco Jooste | – o/13B |
| Matthias van Heerden | – o/13C |
| Lihan van Huyssteen | – o/13C |

Ons sien uit daarna om volgende jaar weer ‘n suksesvolle rugbyseisoen te beleef.

**4.8 Skaak**
Die skaak het vanjaar goed gevaar. 4 van ons leerders verwerf provinsiale kleure in Skaak.

**4.9 Tennis**

Primêre Skool Jordania het ŉ baie suksesvolle tennisseisoen agter die rug. Gedurende die derde kwartaal het ons ligawedstryde plaasgevind, waaraan ŉ rekordgetal van 8 senior spanne en 5 o/10 spanne deelgeneem het. Van hierdie 13 spanne wen 2 spanne die liga, 4 spanne eindig 2de en 3 spanne speel slegs vriendskaplik. Vir die eerste keer in die geskiedenis behaal ons 1ste en 2de dogtersspanne die eerste en tweede plek in die Ope A-liga en ons 3de en 4de dogtersspanne die eerste en tweede plek in die Ope B-liga. Ons bly dus die top tennisskool in die Oos-Vrystaat!

Daar is deur die jaar aan verskeie toernooie deelgeneem, soos die o/11 Spar Limodo TKS Tennistoernooi en die o/13 ROMAN’S Limodo TKS Tennistoernooi. Die 1ste

dogtersspan en 1ste seunsspan toer na Buffelspoort waar hul aan die o/13 ATKV Buffelspoort Tennistoernooi deelneem. Die dogters tree as wenners en die seuns as naaswenners uit die stryd.

Gedurende die Koringaar-reeks neem 17 van ons spelers deel aan díe provinsiale reeks en verwerf erekleure vir tennis. Sewe van hierdie spelers word dan ook in die Vrystaatspan opgeneem. Die TBM proewe vir 2025 word reeds in 2024 gespeel en 30 van ons tennisspelers gaan ons skool daar verteenwoordig.

Baie dankie aan elke speler wat hul beste gegee het vir die skool. Ons sien uit na nóg ŉ suksesvolle 2025 tennisseisoen!

## 5. KULTUUR

### 5.1 Kore

Die Blouvinkies het hierdie jaar baie goed gevaar en aan 2 kunswedstryde deelgeneem waar hulle 'n A EN A++ behaal het. Hulle het baie geleenthede gehad en die leerders het dit baie geniet.

Jorrievaria het 'n besonderse jaar gehad met baie goeie resultate. Leerders het baie opgetree. Hulle het ook aan twee kunswedstryde deelgeneem en by beide 'n A+++ behaal. Hulle het ook tydens die Bethlehem Eisteddfod 'n meriete toekenning ontvang vir uitsonderlike prestasie.

Jordania bied ook al vir die afgelope 2 jaar 'n Lente koorfees aan waar daar verskeie skole van reg oor die Vrystaat kom sing. Die leerders sluit dan die aand af met 'n massakoor item waar al die skole saamsing op die verhoog. Hierdie was 'n pragtige aand en ons beoog om in die toekoms dit 'n jaarlikse instelling te maak. Ons wil graag hê die koorfees moet groei en dat meer skole sal deelneem.

### 5.2 Kunswedstryde

Ons het hierdie jaar aan twee kunswedstryde deelgeneem naamlik Bethlehem Eisteddfod en Allegretto. Leerders het aan verskeie afdelings deelgeneem naamlik, dans, prosa, sang, poësie, spanredenaars, samesprake ens. Jordania het baie goed gevaar met 30 A+++ en 82 A++, 63 A+ en 46 A's.

Die volgende leerders ontvang merietetoekennings vir buitengewone prestasie in verskillende afdelings:

- Gidon Verster: Instrumentaal
- Danielle Venter: Spraak en drama
- Ella Fick : Kuns
- Jorrievaria: Musikale Kaleidoskoop

Ons spreekkore vaar uitstekend. Twee groepe het deelgeneem en beide behaal 'n A+.

### 5.3 Kultuuraand

Jordania hou elke 2 de jaar ‘n spoggerige kultuuraand waar al ons leerders wat goed presteer het deur die jaar in kultuur die geleentheid kry om hier op te tree. Hierdie jaar was ons tema Disney and Denims en ons aanbieder vir die aand was Johrne van Huyssteen. Dit was ‘n spoggerige geleentheid met ‘n verskeidenheid kultuur items op die planke!

### 5.4 Pom-Poms

Ons oefen op Maandae in Illusion Dance Studio vanaf 14h00 – 15h00.

Die Pom-Poms het baie optree-geleenthede en het o.a. opgetree by

- Jordania se kermis – 1 Maart
- By die Opedag – 4 Mei
- Gr. R Netbal- en Rugbydag – 24 Mei
- Efrata Kerk se basaar
- Sonskyn Dienssentrum, Residetia en Bergprag – 9 Sept
- Witteberg se kunsmark – 2 Nov

Die Pom-Poms vaar baie goed by kompetisies

- By die Trio Ritmefees, gehou op die 1ste Augustus, wen hul die Junior Kategorie
- By Show Your Talent in Vanderbijlpark op die 13de Augustus, verwerf hul ‘n goue medalje en word gekies te wees vir die Suid Afrika span wat SA kan gaan verteenwoordig by Americas Got Talent.
- 29ste Augustus by Dr Böhmer se Revista Kompetisie – verwerf hul dubbel goud

### 5.5 Redenaars

Ons het die --- Februarie ons Interne redenaarskompetisie aangebied ter voorbereiding van die ATKV Redenaars. Daar was 42 deelnemers waarvan almal van hoogstaande gehalte was. Daar is vyftien leerders gekies om deel te neem aan die eerste ronde van die ATKV redenaars.

Die volgende leerders dring deur na die nasionale finale op 13 Augustus:

- Lexi Willemse (Graad 7)
- Milé Bezuidenhout (Graad 4)

Leerders neem ook deel aan ‘n verskeidenheid van kompetisies soos die Skerpioenfees, Radikale redenaars, Artistaue, Allegretto en Podiumpret, waar hul baie goed vaar. Ons is ook bevoorreg om twee spanne te hê wat in die kategorie vir spanredenaars by verskeie kompetisies deelneem en uitblink.

Jordania se redenaars neem ook deel aan die Senekal redenaarsfees waar hulle hulself baie goed van hul taak kwyt.

Die temas vir die ATKV redenaars 2025 is reeds beskikbaar en volgende jaar praat ons redenaars weer die jaar aan die brand!

## 5.6 WOW SPELFEES

Vir die eerste keer na Covid bring Jordania die Wow Spelfees terug na die Thabo Mofutsanyana distrik.

Ons spring weg met ons interne uitdunne waar drie leerders uit elke graad gekies word om deel te neem aan die distriksuitdunne.

Jordania tree op as gasheerskool vir die distriksuitdunne en altesaam 82 leerders van 5 skole neem deel.

Daar word 21 leerders uit al die skole gekies om aan die provinsiale uitdunne in Bloemfontein deel te neem. 11 van hierdie leerders is Jordania leerders.

## 5.7 Voortrekkers

Hierdie jaar was ‘n hoogtepunt vir Jordania se Voortrekkers. Ons het al ons doelwitte bereik en ook baie nuwe lede gewerf.

Ons het die jaar begin met ‘n kommandokamp en monumentuitstappie na die Voortrekkermonument in Pretoria. Daar het die leerders geleer oor die geskiedenis van die monument, brood gebak in ’n miershoop, gestap in die natuur en boeresport gehou. Dit is opgevolg deur ’n GGN kamp in Parys waar die leerders geleer het om handwerk te doen, geleer van diere, die Afrikaner se geskiedenis en self geleer om kos te maak. Hierdie jaar het ons ook die hoogtepunt bereik dat 30 van ons leerders aan die gebiedskampe op Doornkloof deelgeneem het. Hulle het kentekens verwerf soos varswaterdiere, weerkennis, godsdiens, noodhulp, veldvernuf, ens. ’n Verdere hoogtepunt is jaarliks die graad 7 Voorslagkamp waar ons hierdie jaar drie silwer en een goud verwerf het. Die leerders het hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Verder het ons elke Maandag nuwe kennis opgedoen en elke kwartaal begin met ’n lekker opening. Van stokbrood tot waterspele.

Vir 2025 is ons doelwitte om nog meer lede te werf en leerders bewus te maak waaroor Voortrekkers gaan. Ons wil ook aanhou om leerders op te lei vir lewe daar buite. Wanneer ons fokus op behoeftes vir 2025 is ons baie gelukkig met dit wat die skool reeds vir ons bied en dankbaar vir al die hulp van die skool. Die Jordania kommando is in ‘n groeifase en is opgewonde oor dit wat beplan word vir 2025!

*Anika Welman*

## 6. TOEKENNINGS

Ons is bevoorreg om weer hierdie jaar toekenningsgeleenthede vir ons leerders te kan hou. Daar is drie geleenthede: vir Graad R-1, Graad 2-3 en Graad 4-7 onderskeidelik.

Ons gebruik weer die formaat gebruik waar alle leerders in Graad R-3 ‘n sertifikaat ontvang. Dit word met ‘n konsertvertoning deur elke klas opgevolg.

Vir Graad 4-7 word slegs leerders wat uitsonderlike prestasies in akademie, sport en kultuur behaal na die toekenningsaand genooi.

Baie geluk aan al ons leerders wat toekennings ontvang. Ons is baie trots op al ons leerders en wat hulle bereik het.

## 7. SKOOLGETALLE

Die skoolgetalle is redelik stabiel. In sekere grade word getalle wel beïnvloed deur ouers wat verhuis weens werksomstandighede. Ons het ook ‘n aantal leerders bygekry vanaf ander skole wat na Bethlehem verhuis het. Die getalle het redelik konstant gebly behalwe in enkele grade waar daar ‘n aantal plekke beskikbaar is. Die totale leerdergetal vir graad R-7 staan tans op 853.

## 8. SKOOLLEIERS

Ons leierontwikkelings- en verkiesingsbeleid, wat behels dat alle Graad 7 leerders hulself as leiers van die skool beskikbaar kan stel, is steeds in werking. Die meerderheid van die Graad 7 leerders het hieraan deelgeneem en is in 4 Jorrierade, nl. Akademiese raad, Sportraad, Kultuurraad en Terreinraad, ingedeel. Die Leerderraad, wat uit 10 seuns en 10 dogters bestaan, is in Julie verkies. Hulle het by ander bedrywighede betrokke geraak soos Onderwysersdag en die skoolhoof se verjaardag. Die leerderraad het uit die volgende leerders bestaan:

# HOOFLEIERS 2024

**HOOFDOGTER:** **ISABEL VAN DEVENTER**

**ONDERHOOFDOGTER:** **ANNABELLE BEZUIDENHOUT**

**------------------------------------------------------------------**

**HOOFSEUN:** **RIGARDT STRYDOM**

**ONDERHOOFSEUN:** **MATTIAS VAN HEERDEN**

| Leerderraad vir 2024<br>Alfabetiese Volgorde | | | |
|---|---|---|---|
| | **Dogters** | | **Seuns** |
| 1 | Annabelle Bezuidenhout | 1 | Daniël de Beer |
| 2 | Aneldi Bezuidenhout | 2 | Juann du Toit |
| 3 | Aninke Bezuidenhout | 3 | Ruan Fourie |
| 4 | Lia de Boer | 4 | Evan Jansen van Vuuren |
| 5 | Amé Harris | 5 | Stian Jansen van Vuuren |
| 6 | Lize Joubert | 6 | Janco Jooste |
| 7 | Lené Labuschagne | 7 | Tian Jordaan |
| 8 | Suné Spershott | 8 | Mehan Strydom |
| 9 | Jané van den Berg | 9 | Rigardt Strydom |
| 10 | Isabel van Deventer | 10 | Matthias van Heerden |

Die stelsel werk baie goed omdat meer leerders die geleentheid kry om hul leierskapsvaardighede te ontwikkel. Ons het ook weer baie goeie terugvoer van ouers, leerders en personeel ontvang. Met ‘n paar geringe aanpassings sal ons in die toekoms voortgaan met hierdie praktyk. Die huidige Graad 6 leerders woon aan die einde van die jaar ‘n kamp by waar leieridentifisering kan plaasvind met die oog op volgende jaar se leierontwikkeling.

**9. KOSHUIS**

Die koshuisleerders is ‘n hegte familie wat die koshuislewe baie geniet. Hul leer reeds vroeg om selfstandig en verantwoordelik te wees, ten spyte van die afstand vanaf die huis en die verlange wat daar soms is. Hul is aanpasbaar en vaar oor die algemeen baie goed in alle afdelings van die skool. Die volgende leerders was koshuisleiers en het hul goed van hul taak gekwyt:

**Dogters**
Suné Spershott
Izandri Strydom

**Seuns**
Marius de Villiers
CF Oberholzer

Baie dankie aan me. Elsa van Huyssteen, wat saam met die ander diensdoenende koshuispersoneel, positief bydra tot die leerders se lewens.

## 10. SOSIAAL

Om met ander persone te kan kommunikeer en oor die weg te kom is ‘n allernoodsaaklike vaardigheid. Ons probeer aandag skenk aan die totale ontwikkeling van al ons leerders. Ons het skool so lekker moontlik probeer maak deur spesiale dae te organiseer. Leerders leer meer van hulself en hul maats op geleenthede soos kampe, sokkies, kultuuraande, fliekaande, ens. Speletjiesaande en Bok Vrydae en “Geesvang” dae het ook plaasgevind wat die leerders baie geniet het. Kinders leer sosiale vaardighede aan deur middel van sosiale aksies en situasies waarin met ander oor die weg gekom moet word. Ons sal volgende jaar weer aan leerders se sosiale vaardighede aandag gee.

## 11. DISSIPLINE EN WAARDEGEDREWE ONDERWYS

Ons jaartema was: *“Jorries is helde”*.

Gemeenskapsprojekte wat ons ondersteun het was die *DBV*-insameling, *Santa Shoebox* in samewerking met die *Round Table* en Bloedskenk saam met die SA Nasionale Bloeddiens. So het ons leerders en ouers weer geleentheid gekry om ‘n verskil in die wêreld te maak.

Ons het baie min ernstige dissiplinêre probleme gehad en oor die algemeen was leerders se gedrag goed. Daar is natuurlik altyd ruimte vir verbetering. Daarom sal ons aanhou met ons waardesprogram omdat ons glo dat ons ‘n verskil in elke kind se lewe kan maak, deurdat ons positiewe gesindheid en gedrag daardeur bevorder.

Ons weeklikse Jorries-vir-Jesus byeenkomste is ook groot pitkos vir ons leerders. Op Woesdae-oggende kom ons Jorries voor skool in die saal bymekaar, waar ons ‘n boodskap ontvang en saam bid en lofprysing doen.

Ons Graad 7 leerders het ook die wonderlike voorreg gehad om hierdie jaar twee Josuakampe te kon bywoon. Elke Jorrie-leerder beleef die kampe baie verrykend. Hierdeur probeer ons aan ons leerders se geestelike welstand aandag gee. Baie dankie aan die span wat sorg vir hierdie baie belangrike saak.

## 12. OUERBETROKKENHEID

Ons ouerverenigings, per graad, het weer baie goed gefunksioneer. Talle ander ouers het ook baie tyd en insette gelewer wat betref afrigting, ondersteuning, organisering en finansies. Baie dankie vir elke ouer wat op ‘n positiewe wyse tot die skool se sukses bygedra het deur fondsinsamelingsgeleenthede te ondersteun, donasies te maak en tyd

af te staan om van hulp te wees by die verskillende aktiwiteite. Positiewe ouerbetrokkenheid is die verskil tussen ‘n goeie skool en ‘n skool van uitnemendheid.

## 13. PERSONEEL

Tans bestaan ons personeelkorps uit ‘n totaal van 61 persone. Die samestelling is as volg:

- Onderwyspersoneel – 40 (27 deur FSDOE)
- Assistent onderwyspersoneel – 7
- Administrasie personeel – 4
- Terreinpersoneel – 10 (2 deur FSDOE)

29 van ons personeel word ten volle deur die Vrystaat Departement van Onderwys (FSDOE) vergoed. Die ander 32 persone word deur die Beheerliggaam self betaal. Verder is daar ook ‘n hele aantal persone wat op kontrakbasis dienste soos arbeidsterapie, spraakterapie, nasorg, lees en sportafrigting by die skool aanbied.

**Die personeelsamestelling het ‘n aantal veranderinge getoon.**

Me. Carli Grové en mnr. Ruan Barnard het as onderwysassistente by ons aangesluit. Mee. Elizna de Lange en San-Mari Oelofse het ons verlaat om ander werksgeleenthede aan te neem.

Me. Erika Knobel het Januarie weer by ons aangesluit as gr. 1 onderwyser.

Me. Rosa Smith het op 1 Februarie in diens getree by Laerskool Park. Me. Retha Jacobs is in haar plek aangestel.

Mev. Eloise Kruger-Smit het met ingang 1 Maart 2024 ons verlaat. Me. Kayla Posthumus neem in haar plek waar tot die einde van die jaar.

Mev. Riza Fourie het ons die einde van die tweede kwartaal verlaat en mev. Susan Badenhorst neem in haar plek waar tot die einde van die jaar.

Dr. André Smith het op 1 Oktober as skoolhoof van Laerskool Park diens aanvaar. Mev. Elda Louw neem waar as waarnemende Skoolhoof tot die nuwe Skoolhoof aangestel word.

Onderwysassistente wat afstudeer het is mnr. Marcel du Plessies wat ‘n pos te Morgenzon aanvaar het en mnr. Ruan Strydom wat ‘n pos aanvaar het te Universitas Primer in Bloemfontein.

Mev. Sanet de Jager tree af aan die einde van die jaar. Juf. Wilmi Koen is aangestel vanaf 1 Januarie 2025 as Gr. R juffrou in juf. Sanet se plek.
Aanstellings vir 2025 sal eersdaags gefinaliseer word sodat die akademiese program gereed kan wees in Januarie.

Ons is trots op ons personeel se werk. Hulle wil net die beste vir ons kinders hê. Baie dankie aan elke personeellid vir julle insette om van hierdie ‘n 100%-skool te maak.

## 14. TERREIN, GEBOUE, VOERTUIE EN VEILIGHEID

Ons is baie trots op ons netjiese geboue en terrein en probeer dit altyd so hou. Die skoolgeboue en terrein is in ‘n goeie toestand deurdat daar gereelde onderhoud gedoen word. Verbeterings en opknappings is ook aan die skoolgeboue en terrein gedoen sodat dit vir leerders en personeel doelmatig is.

Waar nodig is klaskamers geverf, plaveisel aangelê en tuine verfraai.

Ons voertuie is steeds in ‘n goeie toestand en word elke jaar padwaardig gehou. Voetoorgange en parkeerstrepe word ook jaarliks geverf vir beter sigbaarheid.

Daar word kwartaallikse veiligheidsinspeksies van die terrein deur die veiligheidskomitee onderneem. Die skool se noodplan is ook ingeoefen om vir enige gebeurlikheid reg te wees. Ons leerders se veiligheid is vir ons baie belangrik en ons sal sorg dat die terrein en voertuie deurgaans veilig en gerieflik vir hulle is.

Waar nodig en moontlik, sal uitbreidings ook in die toekoms gedoen word. Baie dankie aan die Beheerliggaam en spesifiek die terreinpersoneel, onder leiding van mnr. Ben van den Berg, vir hul volgehoue insette in hierdie verband.

## 15. FINANSIES

Finansies bly maar altyd ‘n netelige saak, maar ons moet besef dat ons ook nie daarsonder kan klaarkom nie.

Ongelukkig is dit so dat kwaliteit opleiding geld kos en ek dink almal weet al dat ons as skool baie min finansiële ondersteuning vanaf die onderwysdepartement ontvang. Om al ons uitgawes te dek is ons grootliks aangewese op die betaling van skoolfonds van ouers. Op hierdie punt wil ek vir Jordania se ouers ‘n klop op die skouer gee – ouers wat steeds hul bes probeer om skoolfonds te betaal in moeilike ekonomiese tye. Dit getuig van die 100% ouerkorps wat ons het.

Ongelukkig is dit ook so dat ons meer as 1 miljoen rand se slegte skuld het, en dan reken ek nie eers die vrystelling op skoolgelde wat ons moes toestaan in nie, soos deur wetgewing bepaal. Deur effektiewe besparingsmaatreëls, sowel as deeglike beplanning, fondsinsamelings en gesonde finansiële strukture kon ons dit steeds regkry om alle noodsaaklike uitgawes en dienste vir die jaar te betaal.

Ek doen ‘n beroep op ouers om ook volgende jaar voort te gaan om die skool in hierdie saak te ondersteun. Baie dankie ook aan elke ouer wat ‘n bydrae gelewer het rakende skenkings, fondsinsamelings en ander projekte. Dit word opreg waardeer. Dit is die

enigste manier hoe ons kwaliteitonderrig aan ons kinders kan verskaf en ons ons standaarde hoog kan hou. Jordania is in elk geval een van die mees bekostigbare skole van sy soort – landswyd, met inagneming van klasgroottes, akademiese standaard, fasiliteite, dienste, aktiwiteite en prestasies. Baie dankie aan die Beheerliggaam, finansiële komitee en personeel wat ons fondse oordeelkundig aanwend.

## 16. BEHEERLIGGAAM

Ons Beheerliggaam van 2021-2023 se termyn het einde Maart vanjaar verstryk. Ons opgregte dank aan hierdie toegewyde span ouers wat ons skool op 'n besondere wyse gedien het en 'n groot bydrae gelewer het tot die uitbou van ons skool.

Ons nuwe Beheerliggaam vir 2024-2026 se termyn het in aanvang geneem op 1 April 2024, met mnr. Rudi van Vuuren, weer as voorsitter verkies van die Beheerliggaam. Dit is 'n voorreg om sulke bekwame persone by die skool betrokke te kan hê wat hulp, raad en leiding op verskillende gebiede kan verskaf. Baie dankie vir die tyd wat u aan die skool afstaan.

## 17. SAMEVATTING

Dit is vir my baie aangenaam om te verklaar dat die Primêre Skool Jordania steeds van krag tot krag gaan. By Jordania is ons trots op die totale opvoedingsproduk wat ons aan leerders verskaf. Deur deursettingsvermoë, kreatiwiteit en innovering aan die dag te lê kon ons ons standaard van onderwys en opvoeding so hoog moontlik hou deur gehalte onderrig aan elke leerder te verskaf. Die jarelange beginsel wat ons by die skool uitleef, dat ons elke dag ons beste moet lewer, het bygedra daartoe dat ons pro-aktief planne kon beraam tot voordeel van ons kinders.

Ons hoop en vertroue is gevestig op ons Hemelse Vader. Ons glo daarin om ons beste te gee elke dag en die res laat ons oor aan God. Daarmee bevestig ek ons afhanklikheid van hom. Soli Deo Gloria … alleen eer aan God**.**

**ELDA LOUW– WAARNEMENDE SKOOLHOOF**